Verwysing: 20190219-1810
Lêernommer: 12/2/13/6
Navrae: A Henriques

Inrigtingshulpbrononderstеuningsminuut: 0011/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame by alle nie-artikel 21 gewone openbare skole

Onderwerp: Driejaarkontrak vir die verskaffing en aflewering van wit A4-kopieerpapier (Kontrak B/WKOD 2485/19) aan Hoofkantoor, distrikskantore, en nie-artikel 21 gewone openbare skole vir die tydperk 02 September tot 31 Augustus 2022

1. Hierdie minuut het ten doel om Hoofkantoor, distrikskantore en nie-artikel 21 gewone openbare skole in te lig oor die nuwe drie jaar kontrak wat die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) met twee diensverskaffers gesluit het om wit A4-kopieerpapier (Rotatrim/Typek) aan die voorgenoemde kantore en nie-artikel 21 gewone openbare skole te verskaf en af te lewer.

2. Voortaan sal versoeke vir die bestelling van wit A4-kopieerpapier gedurende die kontraktydperk by een van die volgende twee gekontrakteerde verskaffers geplaas word:

2.1 **Dienste 1 en 2**
Dooling IT Solutions CC
Posbus 39205
Capricorn Park
7945

Kontakpersoon: Me. Telezita Dooling
E-posadres: wc@dooling.co.za

2.2 **Dienste 3 tot 5**
Bedryfsontwikkelingsbestuurder: EBK Distributors (Pty) Ltd
Posbus 1344
Johannesburg
2000

Kontakpersoon: Mnr. Beryl Weimers
E-posadres: info@ebkdistributors.co.za

3. Die volgende pryslys is van krag vanaf 02 September tot 31 Augustus 2022. Hoofkantoor, distrikskantore en nie-artikel 21 gewone openbare skole moet die pryse wat op hul streek van toepassing is, gebruik:

Diens	Streek	Handelsmerk	Prys per riem: Jaar 1	Prys per riem: Jaar 2	Prys per riem: Jaar 3
1	**Hoofkantoor, Metro-onderwysdistrikte** (4 distrikte gekombineerd), insluitend nie-artikel 21 gewone openbare skole binne hierdie distrikte	Typek	R53.53	R57.84	R62.49
2	**Kaapse Wynland Distrik,** insluitende nie-artikel 21 gewone openbare skole binne die distrik				
3	**Overberg Distrik,** insluitende nie-artikel 21 gewone openbare skole binne die distrik	Rotatrim	R54.81	R59.19	R63.93
4	**Weskus Distrik,** insluitende nie-artikel 21 gewone openbare skole binne die distrik				
5	**Eden en Sentrale Karoo Distrik,** insluitende nie-artikel 21 gewone openbare skole binne die distrik				

4. Bring die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle tersaaklike amptenare.

GETEKEN: MS ABRAHAMS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2019-10-18